

16DE KONVENT VAN REFORMATORIESE KERKE IN SUIDELIKE-AFRIKA VERKLARING OOR DIE KOMENDE VERKIESING

6 Maart 2014

Athlone, Kaapstad Metropool

Ons doen 'n beroep op alle inwoners van Suid-Afrika – en veral die lidmate van ons kerke – om aan die demokratiese proses in ons land deel te neem en die komende verkiesing ernstig op te neem. Elke Christen wat kan stem, moet stem.

Ons doen 'n beroep op alle Suid-Afrikanners om hulle te weerhou van enige vorm van geweld; om hierdie geleentheid om te stem, te benut én om ander dieselfde geleentheid te gun ten einde hulle stemme te laat hoor.

Dit is onvanpas vir 'n kerk om sy lede te versoek om vir 'n bepaalde politieke party te stem. In plaas daarvan moet die kerk die waardes van geregtigheid, deernis en integriteit verkondig en 'n beroep op sy lede doen om te stem volgens hierdie waardes.

Ons versoek ons lidmate om die rol van 'n politieke party te sien vir wat dit behoort te wees: nie 'n organisasie om die hele burgerlike samelewing in 'n land te dikteer nie, maar 'n doeltreffende instrument vir effektiewe regering tot die voordeel van al die burgers van 'n land.

Elke kieser moet stem, nie volgens ons natuurlike neigings ten gunste van ras of klas nie, maar vir die welsyn en geregtigheid van almal.

Ons doen 'n beroep op die verteenwoordigers van alle politieke partye om hulle te alle tye te weerhou van enige retoriek wat haat of vooroordeel tussen die burgers van die land kan aanblaas en om hulle by die waarheid te hou. Hierdie waarheid sluit in dat hulle hulself sal weerhou van die maak van onrealistiese beloftes wat net sal lei tot frustrasie en aggressie tussen mense.

Ons doen ook 'n beroep op die leiers van politieke partye om hulle te weerhou van enige aanspraak om die enigste Godgegewe instelling in Suid-Afrika te wees wat sal regeer tot die wederkoms.

Ons roep alle owerhede en die betrokke partye op om toe te sien dat die verkiesing vry en regverdig en deursigtig sal wees.

Ons bid dat die Almagtige God hierdie verkiesing sal gebruik om die vrede en die welsyn van al die burgers van Suid-Afrika te bevorder.

Ds Stephen Snyman (Calvyn Protestantse Kerk in Suid-Afrika)
Voorsitter

Ds Etienne Fourie (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika)
Algemene Sekretaris

Lede van die Conventus teenwoordig:

Calvyn Protestantse Kerk van Suid-Afrika

Die Rynse Kerk

Evangelies Lutherse Kerk in Suider-Afrika

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Nederduitse Gereformeerde Kerk

Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika

Uniting Presbyterian Church in Southern Africa